SMALL-SCALE FISHERS



COASTAL LINKS
MASIFUNDISE
DEVELOPMENT TRUST

Ons het 'N MOEILIKE, LANG PAD *geloop*

Vir amper tien jaar, het ons saam vir 'n beleid 'n veldtog gevoer wat kleinskaalse-vissermanne sal bevoordeel. Ons het hof toe gegaan, ons het geprotesteer, as 'n eenheid saamgestaan en ons het met die regering gepraat. Verlede jaar in Junie, het die Kabinet finaal 'n beleid aangeneem wat positiewe veranderinge tot die lewens van kleinskaalse-vissermanne landswyd kan meebring.

Voordele van die nuwe beleid sluit die volgende in:

- Die formele herkenning van kleinskaal-vissergemeenskappe.
- 'n Beweging tot kollektiewe visserregte, weg van die individuele kwotastelsel wat die meerderheid uitgesluit het.
- Die afbakening van voorkeur visvangsones vir kleinskaal-vissermanne, waar hulle in staat sal wees om verskeie spesies regdeur die jaar te oes of te vang. Die potensiaal vir volhoubare inkomste sal verbeter. Hierdie sones sal vir groot kommersiële maatskappy buite perke wees.
- Verbeterde en volhoubare mariene hulpbron mede-bestuur.

KOLLEKTIEWE REGTE

Dit sal 'n nuwe benadering behels wat samewerking in plaas van kompetisie en konflik bevorder.

Tot dusver is 'n stelsel van Individuele Oordraagbare Kwotas (ITQs) gebruik. Daar is baie probleme met hierdie stelsel.

- Slegs 'n klein persentasie van aansoekers (ongeveer 10%) is suksesvol om ITQ's te kry. Net 700 van 7 000 aansoeke was in 2004 suksesvol.
- Nuwe toetreders tot die markte verkoop hul kwotas aan meer gevestigde spelers. Dit werk teen ware verandering in die sektor.
- Lede van die gemeenskap en hul gesinne moet vir geleenthede teen mekaar kompeteer, eerder as om saam te werk.

Aan die ander kant, die **kollektiewe regte**-benadering, vereis samewerking eerder as kompetisie. Lede van die gemeenskap moet as 'n groep registreer. Dit sal ons in 'n posisie plaas om toegang tot kapitaal te kry waarmee ons beter toerusting, visvangtoerusting en stoorfasiliteite kan bekom. Ons kan ons kollektiewe krag gebruik om beter pryse en markte te bekom.

Sodra ons 'n wettige entiteit (ongeag die vorm) gestig het, sal lede in 'n posisie wees om vir WVF te kwalifiseer, by mediese skemas aan te sluit en voordeel uit vaardighede opleidingsprogramme te trek.

SMALL-SCALE FISHERS

Nou moet die OPERASIE GEÏMPLEMENTEER *word*

Die regering het 'n implementeringsplan aanvaar. Ons moet heeltemal vir hierdie proses gereed wees. Norton Dowries, Coastal Links-leier van Langebaan, som die situasie goed op:

"Uiteindelik het ons nou ons eie beleid. Dit het ons 10 jaar geneem, maar dit was die moeite werd. Al die pyn en lyding. Nou moet die implementering van die beleid verstaan word en volledig en korrek op grondvlak onderneem word. Ons plaaslike leiers moet nou die boodskap aan die lede op 'n wyse gee wat hulle werklik sal verstaan. Ons leiers van Coastal Links moet lojaal, aktief en toegewyd wees."

Ons verwag dat die regering vinnig sal beweeg om hulle beloftes na te kom. En ons sal hulle daarvoor verantwoordelik hou.

Maar moet ook ons eie verantwoordelikhede verstaan. Ons moet weet wat ons moet doen ten einde die finale rondte suksesvol te voltooi.

Ons moet saamstaan om die volgende te verseker:

- Dat ons saam sal werk en nie teen mekaar nie.
- Dat ons die vaardighede ontwikkel wat ons in staat stel om gesamentlike strukture op te stel.
- Dat ons 'n sterk standpunt teen stropery inneem.
- Dat ons verantwoordelik visvang deur nie ondermaat vis of meer as die saklimiet wat toegelaat is, sal vang nie.
- Dat ons die regulasies en permitvoorwaardes sal volg
- Dat ons akkurate verslae sal voorberei en indien
- Dat ons nie die water of die kuslyn sal besoedel nie

Nou is die tyd om as 'n eenheid en met 'n doel op te tree.

ONS TOEKOMS HANG DAARVAN AF!

COASTAL LINKS
MASIFUNDISE
DEVELOPMENT TRUST

Uitgereik deur Masifundise Ontwikkelingstrust
hoek van Langstraat en Stasiestraat, Mowbray.
Tel 021 685 4549. E-posadres:
infocom@masifundise.org.za